

4 April

Verbondseëninge te vinde in verbondsgehoorsaamheid!

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-25

Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:16 (lees ook OAV) (vgl. ook vs.12-13)

Gelowiges vra soms teleurgesteld: Waar is God; waar is sy goedheid? Ek beleef niks van Hom nie!

Die Here se volk staan op die punt om die beloofde land in te gaan. Vir 'n klomp woestyntrekkers wat vir 40 jaar blootgestel was aan die barheid en swaarkry van die woestyn, was die land "wat oorloop van melk en heuning" 'n wonderlike vooruitsig!

Maar voordat hulle die waar-word van die eeue-oue verbondsbeloftes kan beleef, word hulle eers tot stilstand geroep. Wanneer hulle al die onverdiende guns van die Here ontvang het (soos in vs 10-11 beskryf), mag "*julle nie die Here julle God versoek soos julle Hom by Massa versoek het nie*". Daar het hulle in ongeloof Moses verwyt oor hulle waterskaarste ... en in feite die Here wat hulle wonderdadig uit Egipte gered het, *vergeet!* So het hulle die Here se reddende mag "uitgetart" (vgl. Ps 95:8b-9), Hom versoek!

Dit kan weer gebeur – nou net van 'n ander kant besien – dat sy volk, so omring deur die weelde hier in die beloofde land ... *God kan vergeet!* Soveel te meer in 'n land wat so baie afgode het wat voorspoed beloof! En dáárteen waarsku die Here!

Dit bly 'n gevaar vir ons mense. Voorspoed en oorvloed, selfs meer as armoede, kan maak dat ons God vergeet. Dit kan maak dat ons so vol van die gawes word dat die Gewer, die Weldoener aan Wie ons alles te danke het, gruwelik vergeet word. Dit is ontrou teenoor God, met noodlottige gevolge ... Daarom beveel die Here dat ons Hom alleen moet liefhê, eer, dien en vertrou, deur sy geboorte deel van ons lewe te maak!

Onthou, om deel aan sy verbond te kry, is uit en uit sy genade! Maar om sy verbondseëninge te ontvang, eis die Here gehoorsaamheid aan Hom!

As jy weer, dalk ontnugterd, vra: "*Waar is die Here?*", vra Hy ook: "*Waar is jy ...?*"

Sing: Psalm 112:1, 2 (2001-omdigting)

Ds. Charl van Rooy (Port Elizabeth)